# OOR BOEKE

**VENTER, HERTZOG (red). 1977. Totius. Versamelde werke. Kaapstad, Tafelberg. (11 dele)**

Die versamelde werke van 'n gevierde skrywer verskyn gewoonlik as 'n gedenkstel. Benewens hierdie feit stel sodanige publikasie ook talle lesers in die geleentheid om maklik toegang tot die geskrifte van daardie skrywer te verkry – geskrifte wat andersins miskien lank nie meer in druk is nie, of selfs nog nooit voorheen in druk verskyn het nie. Met die publikasie van versamelde werke kan dit ook gebeur dat probleme ervaar word in verband met die kopiereg op die afsonderlike werke van die skrywer, waardeur die publikasie van sy versamelde werke vertraag word, afhangende van die kopieregwet van die betrokke land. Selfs testamentêre bepalinge kan hierby 'n rol speel. Daarom stem dit tot groot dankbaarheid dat dit moontlik was om Totius se versamelde werke 'n tweede keer uit te gee.

**Omvang**

Die huidige uitgawe, in 11 dele, toon 'n aansienlike uitbreiding op die vorige uitgawe van 1961, in 8 dele. In hierdie verband dien vermeld te word die toevoeging van die berymde Psalms en 48 ander berymde Skrifgedeeltes wat saam met die indeks die hele elfde deel vul. Hierbenewens is ongeveer 130 artikels en 50 gedigte en prosastukke, wat nie in die 1961-*Versamelde werke* opgeneem was nie, toegevoeg. Volgens die Publikasiekomitee kon slegs een van Totius se werke nie in die huidige uitgawe opgeneem word nie omdat die betrokke uitgewer nie afstand wou doen van sy kopiereg daarop nie. Dit is werklik te betreur dat die versamelde werke van so 'n gevierde digter, kerk- en volksman om die rede onvolledig die wêreld ingestuur moet word.

**Organisasie van die inhoud**

Vir die huidige uitgawe is die inhoud geheel en al gereorganiseer. Die redakteur het nie alleen goed daarin geslaag om die inhoud sistematies (soort by soort) te orden nie, maar wel ook om 'n logiese aaneensluiting in die opeenvolgende dele te bewerkstellig. Om hierin te kon slaag, moes daar noodwendig begin word met Totius se geskrifte oor die Bybel. Hiervandaan is dan beweeg na die kerk, die erediens, preke, teologiese geskrifte oor gods-

dienstige strominge, die staat, die samelewing en die onderwys. Van hier is die beweging na die meer persoonlike (eie lewe en familie); om dan af te sluit met die digter se skeppende werk.

Die herwinning van bepaalde inligting of van 'n gegewe stuk, is baie vergemaklik deur die plasing van 'n beknopte inhoudsopgawe van die hele stel aan die einde van elke deel, maar meer nog deur die breë inhoudsopgawe aan die begin van elke deel, en deur die alfabetiese titelindeks aan die einde van deel 11. Behalwe vir Totius se werk as kunstenaar (sy prosa en gedigte) in dele 9 en 10 is sy werke wat oorspronklik in Nederlands geskryf is, asook aanhalings uit Nederlands en ander tale in Afrikaans vertaal. Hierdeur is baie van sy werke vir leke toeganklik gemaak. Die behoeftes van navorsers wat graag toegang tot sy werke in hulle oorspronklike vorm verlang, is ook nie uit die oog verloor nie. Aan die einde van elke stuk volg 'n verwysing na die oorspronklike bron.

Die redakteur, wat die oorspronklikheid in verband met die organisasie van die inhoud aan die dag gelê het, en veral ook so 'n magdom van redigeerwerk behartig het, verdien die dank en gelukwensing van elke leser.

**Fisiese formaat**

Die stel het oor die algemeen 'n mooi uiterlike voorkoms. Die bladsyuitleg en die tipografie is goed. Die ontwerp van die omslag sowel as die stofomslag tref 'n mens deur die eenvoud daarvan. Die foto's op die agterkante van die stofomslae sou 'n mens egter liewer voor in elk van die onderskeie dele wou sien, waar hulle beskerm sou wees teen slytasie en besoedeling.

Die papier waarop die stel gedruk is, is van middelmatige gehalte, maar vir die prys van die stel sou dit onbillik wees om papier van 'n beter gehalte te verwag. Daar is egter geen verskoning vir die gebruik van twee verskillende kleure papier in al elf die dele nie. In deel 1 is die teks sodanig op die bladsye geplaas dat die boonste kantlyn smaller is as die in die ander dele. Dit is skynbaar die gevolg van die onnoukeurige sny van die boeklyf. By 'n gedenkstel wat stellig gou besondere versamelaarswaarde sal hê, verwag 'n mens darem noukeuriger vakmanskap as dit.

Die omslae van die stel is swak omdat dit net van karton en papier vervaardig is. Die boeklyf is sonder innaaibande aan die omslag vasgeheg. Die lymwerk op die boekrug is met harde nie-elastiese lym gedoen wat kraak en breek wanneer 'n boekdeel oopskarnier. Indien dit die bedoeling was om die prys van die stel binne die geldelike vermoëns van soveel lesers as moontlik

te hou, dan het 'n mens groot waardering daarvoor. Dit is egter te betwyfel of linne-omslae, behoorlike aanhegting van die boeklyf aan die omslag en die gebruik van elastiese (wit) lym die prys van die stel sodanig sou verhoog het dat dit potensiële kopers sou afskrik.

Oor die faksimilee-reproduksie van *Ds. S.J. du Toit in weg en werk* (1917-uitgawe) in deel 9 kan baie geredeneer word. Miskien moet daar liewer volstaan word met hierdie paar opmerkings: dit het die prys van die stel noemenswaardig verminder; die oorweging van die moontlikheid van 'n faksimilee-uitgawe was skynbaar gegrond op sentiment; uit die oogpunt van bibliofiele beskou, het faksimilee-uitgawes nie veel waarde nie; in deel 9 word die tipografiese eenvoud en eenvormigheid van die stel versteur.

**Algemeen**

150 Stelle van *Totius-versamelde werke* is genommer en bevat ook die naamtekening van die redakteur. Stelle wat op 19 Februarie 1977 tydens die Totiusfees verkoop is, dra 'n afruk van die Totiusfeesembleem wat die letter T en 'n wilgeboom voorstel. Ten spyte van die swak bindwerk moet die prys van R121, veral in hierdie tyd van hoë boekproduksiekoste, as billik beskou word.

P.J. Schutte